
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Ossewabrandwag is die republikeinse beweging van Suid-Afrika.*




*Die Ossewabrandwag wag nie vir die Republiek nie, maar veg daarvoor.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 14 JANUARIE 1942. No. 10.

# KOMMANDANT-GENERAAL OOR OFFENSIEF VAN AFGUNS EN MISLEIDING

**„As die on-Afrikaanse Regering en die kranksinnige provokateurs en die afgunstige partypolitici die O.B. aan homself oorlaat en hom sy eie interne dissipline gun, sal daar minder wanhoopsdade plaasvind," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Saterdag op Belville verklaar. Hy het as volg gepraat:**

Alles wat Afrikaner was het gestroom in die Ossewabrandwag omdat dit die natuurlike tuiste was vir alles wat Afrikaner was. Ons het nie gevra wat is jou party of jou beroep of jou ambag nie. Of wat is jou bankbalans. Want alles wat Afrikaans was, was welkom — en die arm Afrikaner byna meer as die ryke. **Want in die Republiek wat ons beoog gaan die arm man en die werker en die klein boer sy regmatige seggenskap hê. En hy het baie agterstallige seggenskap om op te maak. As kapitalistiese en liberalistiese mense sulke seggenskap sosialisme noem, hoef dit ons nie af te skrik nie.** Ons noem dit die goeie christelike nasionalismé wat sê „Ja" op die vraag: „Ben ik myns broeders hoeder?"

So 'n enorme toename aan Afrikanerkrag moes opspraak verwek, en moes ook teenstand verwek in vyandelike kringe.

Die Regering, wie se on-Afrikaanse en anti-Afrikaanse neigings so welbekend is dat ek hulle nie hoef te noem nie, het klopjagte gehou en huise en kantore gevisenteer; hulle het manne geïnterneer en deur hul sogenaamde waarheidsleër en lokvinke Afrikaners belaster en probeer intimideer. Hulle het Afrikaners wat amptenare is verbied om in die O.B. te bly en ons het 'n streep deur daardie Brandwagte se name getrek — deur hul name maar nie deur hul harte nie. Want die ware O.B. bly in sy hart altyd 'n O.B., amptenaar of te nie. En sodra hierdie Regering wegval en 'n ordentlike Afrikanerregering vat sy plek, sal die O.B. se arms weer oop staan vir daardie eervol ontslane amptenare.

Maar niemand in die O.B. het hom veel bekommer oor die kaskenades van die Empire se handlanger-regering nie. Dog dit het nie by die Regering se vyandskap gebly nie. As dit maar so was! Ook uit die eie laer het mense op ons geskiet.

## LASTER-VELDTOG

Beroepspolitici het skielik op die O.B. 'n offensief geloods. 'n Offensief van afguns, misleiding en van laster. Laster en skinder was die hoofwapens; byna die enigste wapens.

Die gruwelikste dinge is vertel oor die Ossewabrandwag in die algemeen en oor myself in die besonder. **Mans wat nou pronk met „strydplanne" en kruithorings en ander manmoedige simbole het bleek geword oor stories van £10 se aspirien wat een of ander kommando sou gekoop het. Partypolitieke leiers het met gedempte stemme deur luidsprekers gepraat van bloedbaddens en vliegtuie en binnekringe.** Wat myself betref het hulle alles en nog wat ontdek — alles behalwe Vrymesselaarsbriewe. Want selfs 'n partypolitikus moes huiwer om tweemaal met so 'n dolle storie aan die lig te kom.

En nadat hul die arme Van Rensburg deur die lengte en breedte van die land beskinder en stukkend geskeur het, **het hul leier dieselfde man as volkome geskik gevind om as lid van die veelgeprese Nasionale Komitee te dien.**

**Toe ek vra maar hoe kan die volk dan vertroue hê in 'n man oor wie sulke vreeslike stories deur die Party versprei is; toe ek sê dat as die stories waar was sou die volk nie die minste vertroue hê in 'n komitee waarop so 'n man dien en as die stories nie waar was, behoort die volk ingelig te word — wat was die antwoord van een van die partyleiers se hoofluitenante? Hy het geantwoord — „Ag, die volk vergeet baie vinnig."**

## NASIONALE KOMITEE

Nouja, u ken almal die posisie aangaande die Nasionale Komitee. Na 'n mislukte offensief maandelank teen die O.B. gevoer is, het hulle besluit om die O.B., of in elk geval die hoofoffisier van die O.B., uit te nooi om vinnig te vergeet en sitting te neem onder die partypolitici, **met die uitdruklike voorwaarde dat die O.B. as sodanig nie op die komitee verteenwoordiging het nie.**

Laat my dadelik sê dat as die Ossewabrandwag nie sy regmatige seggenskap kan kry nie, **as ek die Ossewabrandwag nie saam kan neem nie, dan bly ek liewer uit enige komitee of kabinet of regering uit.**

Ons het in die Ossewabrandwag 'n eed gesweer en 'n lotsgemeenskap gevestig. Ons sê „een vir almal, almal vir elkeen". **En as Ossewabrandwag-offisiere moet tronk-toe gaan soos generaal ds. Vorster terwille van die Ossewabrandwag, dan gaan ons nie 'n offisier op komitees en kabinette sit terwille van homself nie. Hy gaan óf terwille van die Ossewabrandwag— óf glad nie.**

In elk geval, ons het inligting gevra om die voorstel te kan oorweeg en toe gesê dat ons bereid was om die voorstel, soos nader verduidelik, as 'n basis vir samesprekings te neem en in vriendskaplike samespreking dan, desnoods gewysigd, te oorweeg. Maar die antwoord was dat die aanbod nie vir bespreking oop was nie. Ons moes dit glo óf heelhuids sluk òf dit laat staan. Nouja, ons verkies om te kou voor ons sluk. Anders ly mens aan slegte spysvertering.

Maar ons het die skok oorleef want die Ossewabrandwag het sy positiewe taak in die Afrikanerdom, hetsy binne of buite 'n komitee.

**Sy taak is die bevordering, met elke moontlike middel, van die verkryging van die anti-kapitalistiese, anti-demokratiese Republiek. Die Afrikaner moet in sy eie land sy eie Republiek hê waar die geldmag se seggenskap in bande gelê word.**

Die Ossewabrandwag is die Republikeinse Beweging van die Afrikanerdom. Nie-demokraties, nie-kapitalisties en vir die afkapping van alle bande van die Empire.

## OP SPOOR GESIT

Ons is egter besorgd oor ander dinge as komitees en geskinder. In die Transvaal is 'n groot aantal Afrikaners in hegtenis geneem. Onder hulle is, volgens ek verneem, ook enige S.J.'s Wat hulle gedoen het, weet ons nie. As hulle skuldig is, sal ons moet berus, hoewel ek wil byvoeg dat 'n Afrikaner vandag baie maklik skuldig word in sy eie Vaderland. **Maar ons weet almal, en elke S.J. weet dat g'n haan ooit na hulle gekraai het nie, totdat die partypolitieke pers, Die Burger en Die Transvaler begin praat van die vreeslike S.J.'s en hoe gevaarlik hulle was vir rus en vrede. En toe het dr. Malan in Paarl aan die hele wêreld verkondig hoe daar binnekringe in die O.B. is en hoe daar rebellie-planne opgestel word en hoe daar gepraat word van vliegtuie en wapens. So is die Empire se bloedhonde op die spoor gesit. Vandag begin hulle byt.**

(Vervolg op bls. 2, kolom 3.)



# SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

**PAARL:**

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.



*AFRIKANER-KLEREMAKER!*

Foon 5-1486

- Vir u volgende Pak
- Billike Pryse
- Werk Gewaarborg
- Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutrivierweg 52 — Soutrivier


## REPUBLIEK MOET „VERKRY" WORD DEUR NIKS TE DOEN

### Passiewe Beleid Teenoor Vyand Dog Agressief Teenoor Broer

Die leiers van die Herenigde Party verlang dat die volk hulle die alleenreg moet gee om die republiek te verwesenlik. Dit is soos 'n voetbalspeler wat voor die span op die veld gaan, eis dat nie een van die ander veertien man 'n drie mag gaan druk nie, maar dat hy dit alleen moet doen.

Indien die Partyleiers die volk kan oortuig dat hulle die republiek **kan** bring en **gaan** bring, is hul aanspraak 'n bietjie minder belaglik, maar hoor hoe gaan hulle dit doen. Adv. J. G. Strydom, leier van die Party in Transvaal, het op 3 Januarie hul metode as volg beskryf: **„As Engeland in duie stort en genl. Smuts sal daarmee verdwyn, sal ons die republiek kry,** maar as dit nie gebeur nie, sal dit op konstitusionele wyse verkry moet word. **Ek is self daarvan oortuig dat Engeland na hierdie oorlog in ieder geval ineen sal stort."**

**M.a.w. die republiek sal in ieder geval kom en ons hoef niks te doen nie. Die partyleiers maak hulle dus klaar om die republiek te „verkry" deur absoluut NIKS te doen nie. Die nuwe organisasie van die party is dus nie bedoel om die republiek mee te verkry nie, maar om 'n republikeinse organisasie van die Afrikanerdom te beveg.**

Kan die volk nog vertroue hê in mense wat soos kraaie op die hoogste boomtakke sit en wag dat die jakkals moet doodgaan en intussen beveg hulle hul eie mense?


# EINDELIK

DIE BOEK waarna tienduisende lesers maande lank al voor uitsien.

# Gister die Heldejare

deur S. IGN. MOCKE.

*Hierdie boek is 'n VERVOLG op*

**IN DIE VUURLINIE**

Is dit nodig om meer as dit te sê? As u „IN DIE VUURLINIE" gelees het, sal u die verleiding kan weerstaan om ook hierdie verhaal te lees?

Dit bring dieselfde vlammende idealisme, dieselfde brandende vryheidsliefde en ook hier is ——

GENL. CHRISTIAAN RUDOLF DE WET

die oorheersende figuur.

Dit handel oor die jare van ontwrigting, vernedering en armoede ná die Driejarige Oorlog. Die stryd om staande te bly teen die vreemde indringing: Die hoop op die herwinning van die verlore vaderland: Totdat die rebellie van 1914 kom . . .

DAN IS U WEER MET ERNST IN DIE VELD, ONDER DIE WYE STERRENAGTE, AAN DIE SY VAN SY GELIEFDE GENERAAL.

U sal Ernst se rit aan die slot van hierdie werk nie vergeet nie: Die opstand is feitlik verby: Die rebelle keer terug na hul huise, maar De Wet het deurgebreek na die noorde: Die jong burger besluit om 'n poging aan te wend om deur die linies van die regeringstroepe te breek om by sy Generaal aan te sluit: U sal elke oomblik in hierdie magtige rit met ingehoue asem volg . . . totdat . . .

DIE REBELLIE GAAN VERBY MAAR

*DE WET is nog daar . . . . , . . .*

**— Prys 3/9 —**

Hierdie is 'n uitgaaf van die A.P.-Sakbiblioteek en word aan intekenare verskaf teen 3/-; aan nie-intekenare 3/9. Teken vandag in en u ontvang hierdie boek en alle verdere uitgawes.

**Bestel van:**

**DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,**

**Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg.**


## KOMMANDANT-GENERAAL OOR OFFENSIEF VAN AFGUNS EN MISLEIDING

(Vervolg van bls. 1.)

Tegelykertyd het politici en hul koerante gesê dat daar nou nie meer O.B.-manne geïnterneer word en hul huise word nie deurgesoek nie. Dit was natuurlik om misleide mense te laat glo dat ons met die Regering skakel. **As die Regering hierdie gesegdes en artikels opneem as uitnodigings van Opposisiekant om meer huise te visenteer en meer mense te interneer, is dit verstaanbaar.**

Dit is ook een manier om die O.B. te breek—met behulp van generaal Smuts—**om sodoende die pad oop te maak vir die nuwe aksiefront van die Party.** Wel, die uitnodiging aan die Regering het vrug gedra. Hulle het gevisenteer en hulle het geïnterneer. Johannes van der Walt, 'n Generaal van die O.B., was gearresteer, hoewel hy, Goddank, sedertdien weer ontsnap het.

En met die visentering is, blykens koerantrapporte, bomme gevind. **Dit is net getuienis van wanhoopsdade van Afrikaners wat in hul eie land hulself as vreemdelinge voel.**

Aangehits deur lokvinke en aangegee deur partypolitici kan daar ook S.J.'s in die gedrang kom. Ons moet die feite afwag. Maar as hoofoffisier wil ek hier met nadruk sê **dat om offervaardige en onverskrokke jong Afrikaners onder groot uittarting in bedwang te hou wanneer mens belemmer word deur eerstens 'n on-Afrikaanse Regering, en tweedens deur kranksinnige provokateure en derdens deur afgunstige partypolitici — om dan nog die boot van die rotse af te hou, is werklik veeleisend.**

### O.B. HOU IN TOOM

Alle mense wat insig het weet dat die Ossewabrandwag nie geweld aangemoedig het nie. Dat, inteendeel, die O.B. en die O.B. alleen, **instaat was om geweld verbasend goed in toom te hou. En solank as die O.B. se dissipline en trou intakt gehou was, solank het die land in Afrikanergeledere orde gehad, selfs in die Randse soldate-onluste.**

Maar toe kom die Regering met die drilverbod en die amptenaarsverbod, wat alleenlik sake ondergrond kan dryf, of die algemene dissipline kan verswak; en toe kom die politici **en hits mense aan om 'n trou-eed te verbreek en om die onderlinge vertroue en geheimhouding te ondermyn. En toe kom die aangeëry.**

**Ek herhaal, as die on-Afrikaanse Regering en die kranksinnige provokateure en die afgunstige party-leiers die O.B. aan homself oorlaat en hom sy eie interne dissipline gun wat hyself so heelhartig begeer — dan sal daar minder wanhoopsdade plaasvind.**

**En as die regering links en regs senior-offisiere arresteer en interneer net omdat 'n paar patrone in hul huise gevind word, dan breek hulle net die skakels in die ketting wat die jong Afrikanerdom in die O.B. se dissipline hou.**

Of hierdie arrestasies die voorlopers is van ander grootskaalse inhegtenisnemings weet ons nie. Maar ons weet wel dat die O.B. se gewete teenoor die Afrikanerdom skoon is en dat al probeer party-politici van albei kante om die staatsmasjinerie teen die anti-kapitalistiese en antiliberalistiese volksbeweging, die Ossewabrandwag, op tou te sit, **dan sal dit maar net die volk beslister maak om desnoods deur die tronkdeur hul diens en trou aan die Afrikanerideaal te lewer: die ideaal van 'n anti-kapitalistiese, antidemokratiese Republiek.**


Foon 62 Posbus 53

# HEILBRON

**OM** te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

**BETEKEN** oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

**DIE MODERNEWINKEL**

# Beroepspolitici Verdeel die Volk Om Alleen te Kan Heers

## Probeer Hul Doel Bereik deur O.B. se Organisasie Toe Te Eien

Voor die Eenheidskomitee op aandrang van die O.B., die Reddingsdaadbond, die F.A.K. en etlike Kerkmanne gestig is, het die H.N. Party reeds sy plan vir reorganisasie as mededinger van die O.B. en ander volksorganisasies ontwerp. Toe beswaar daarteen gemaak is, het die Partyleiers die volk wys gemaak dat dit maar net bedoel was om die Party op te knap. **Agteraf was al die tyd 'n groepie Party-agente besig om 'n plan vir 'n tweede soort O.B. uit te werk.**

Toe die volksorganisasies egter die aanbod van 'n Eenheidskomitee vir nouer en vriendskaplike samewerking tussen die organisasies doen, kon die Partyleiers dit nie sommerso van die hand wys nie en het dit aanvaar.

Hulle het selfs sover gegaan om 'n plegtige ooreenkoms aan te gaan dat hulle nie 'n gelyksoortige (identieke) organisasie sou stig nie en dat ook hulle hul lede wat lede is van die O.B. sou aanmoedig om lojaal te wees teenoor die O.B. sowel as die Party. Maar agteraf het die planne om die O.B. te torpedeer voortgegaan. Groepleiers, wyksleiers, distriksleiers, ens, is aangestel om sodoende en by die eerste die beste geleentheid die lede van die Party wat ook lede is van die O.B. onder beheer te kry om hulle te laat bedank, hulle aan te spoor om hul eed te verbreek en 'n eed aan die Party te sweer.

Dr. Malan het die leiding op hom geneem en 'n ultimatum uitgereik en 'n beroep op die volk gedoen om die stryd teen die O.B. „beslissend en kort van duur te maak."

**Die volk het geweier, want geen 20 persent het bedank nie, hoewel die Party-agente rondgejaag het en van huis tot huis gegaan het om mense deur valse en onware aantygings te probeer oorreed om uit die O.B. te bedank.** M.a.w. die nasionaal-voelende Afrikanerdom het op hierdie punt beslis dr. Malan en sy satelliete se beleid verwerp.

### TWEEDE OFFENSIEF

Agteraf het die Party-agente toe erken dat „hul eerste offensief" misluk het. Maar, so het hulle hulself getroos, **die tweede offensief, die stigting van 'n Nasionale Komitee, sal slaag.** Hulle probeer toe die volk wysmaak dat „vrede herstel sal word, en dat **hulle** die vrede wil herstel, deur 'n Nasionale Komitee te stig." Daarvan moet dr. Malan, die man wat die volk verdeel het, die volksleier word, bygestaan deur sy vyf aanhitsers.

**Terwyl die O.B. se leiding besig was om dr. Malan se voorstel te ondersoek, sit die agente al die tyd klaar met 'n nuwe aksiefront om dit aan te kondig.**

Die O.B. het dit geweet en wys dr. Malan daarop dat die O.B. hom nie onder die Party kon inskakel nie wat besig is om 'n opposisie- of mededingende organisasie te stig. **Sonder blik of bloos antwoord dr. Malan in sy brief aan dr. Van Rensburg, dat dit sommer „gerugte" is.**

Sonder eers samesprekings te hou met die O.B. na die briefwisseling oor 'n basis vir die samespreking, trek hy sy voorstel vir 'n Nasionale Komitee terug en kondig 'n klaar uitgewerkte „strydfront", **presies op die grondslag van die O.B. en met dieselfde funksies, aan!**

**Daarby, net soos Smuts sy amptenare belet het om aan die O.B. te behoort, eis adv. Erasmus nou 'n lys op van Party-ampsdraers wat nog lid is van die O.B. Hulle moet uit die Party of anders uit die O.B.**

**Die beleid van die Kakieridder-organisasie en die H.N. Party is ten opsigte van die O.B. presies eenders. Albei verklaar die O.B. tot vyand en albei gebruik presies dieselfde beskuldigings teen die O.B.**

**Die leiers van die Party doen net presies wat die Smuts-party verlang, nl. breek die O.B. en die H.N. Party op.** Dit is die beleid van verdeel en heers. **Die beroepspolitici wil heers, en kan nie heers as hulle nie 'n volk verdeel en magteloos maak om nie uiting aan die volksdrang te gee nie.**


Algemene Handelaars
FOON 5-4294
J. J. DE GOEDE,
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.*

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

DAGBREEK KARTELS
*word gedra deur*
DEFTIGE DAMES
Skakel 2-5662
En Maak U Bestelling
DAGBREEK
Dames Hareversorging-Salon
Langmarkstraat 141 KAAPSTAD

VOLKSKAS IS U EIE BANK!
*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD
DIE AFRIKAANSE KLEREMAKER KLEED SUID-AFRIKA
*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Gee EEUFEES AANDENKINGS VIR GESKENKE
*Hulle is Dienlik.*
*Hulle is Welkom.*
*'n Ideale Geskenk!*
*Bestel Per Pos.*
*Vra om Pryslys.*
*ONS SUKSES IS U SUKSES.*
UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
GEREGISTREER ONDER WET NR. 28 VAN 1922.
Takke op KAAPSTAD, JOHANNESBURG, VERENIGING en BENONI
Posbus 909 Pretoria

DIE O.B., WOENSDAG, 14 JAN. 1942.

# Alleenreg vir Niksdoen

Sedert die partypolitici hul stryd teen die Ossewabrandwag aangeknoop het in belang van hul leierskap is daar voor die oë van die volk 'n geesteshouding aan die kant van die politici geopenbaar wat in sy aanmatiging tiperend is van die partypolitiek, maar, helaas, noodlottig is vir die toekoms van ons volk.

Hierdie houding is eie aan elke politieke party wat op die aarde bestaan, want selde word 'n groep aangetref wat in eie oë so volmaak en wie se krag in eie oë nader aan almagtigheid grens as 'n politieke party. Dit is trouens ook lewensnoodsaaklik dat hy daardie verwaande houding moet inneem, want as daar een ding in die wêreld is wat volstrek afhanklik is van wat genoem kan word „die blink kant bo hou," is dit 'n party — daardie organisasie wat vir sy betekenis geheel en al afhanklik is van die meerderheidstem van die bevolking.

Dit is in hierdie gees van eiegeregtigheid wat die stryd teen die O.B. aangeknoop is en nog volgehou word, en dit is in hierdie gees wat die O.B. tans weer bestempel word as die onwillige wat weier om saam te werk. **Die O.B. het naamlik die groot sonde begaan om ook 'n voorstel aan die Partyleiers te doen met die oog op 'n oplossing van die geskil wat deur die politici begin is. Dit was genoeg rede vir die politici om alle onderhandelings af te breek!**

Laat ons net vir 'n oomblik kyk hoe eensydig die hele stryd teen die O.B. gevoer is.

Nadat die Partyleier op **gelyke voet** met die volksorganisasies se verteenwoordigers tot die Eenheidskomitee toegetree en 'n plegtige verklaring gedoen het **waarin hy die selfstandigheid van elke organisasie waarborg,** het hy later die reg gehad om 'n aanval in die openbaar te doen op die O.B. **sonder om die saak eers voor die Eenheidskomitee te lê.** Hy het die reg daarna gehad om te eis dat die Ossewabrandwag sy selfstandigheid, wat deur hom gewaarborg was, prys moet gee **en die aksiefront van die Party word.** Dit was geen verbreking van 'n ooreenkoms en 'n waarborg nie!

Toe die voorsitter van die Eenheidskomitee voorstel dat 'n volkskongres en 'n volksvergadering gehou moet word om die vraagstuk van leierskap op te los, het die partyleier die reg gehad om daardie voorstel te **weier** en dit te bestempel as **inmenging in die party se eie aangeleenthede.** Niks het dan ook van die voorstel gekom nie. Maar kort daarna het die Partyleier die reg gehad om self 'n **volksvergadering in die vooruitsig te stel** waar die volk volmag aan 'n nasionale komitee sou gee wat namens die volk besluite sou neem.

Toe die Eenheidskomitee in Bloemfontein sit om die geskil tussen die Partyleier en die O.B. op te los, het die Partyleier die reg gehad om **weg te bly** van daardie vergadering, en niemand moes aanstoot neem nie, en op daardie dag het die partyleier die reg gehad om van die komitee te eis om **uitspraak ten gunste van die party te gee nog voordat die saak verhoor is.**

Toe die Eenheidskomitee toegee aan die Partyleier se eise en die O.B. terwille van eenheid **voldoen** aan die eise van die Partyleier se ultimatum, het die Partyleier die reg gehad om **hom nie daaraan te steur nie, maar voort te gaan om die O.B. se selfstandigheid op te eis,** dog die O.B. het nie die reg gehad om dit te weier nie, al was sy selfstandigheid voorheen deur die Partyleier gewaarborg. Inteendeel, die Partyleier het nou weer die reg gehad om hom **in te meng** in die O.B. se inwendige aangeleenthede en te eis **dat die bestuur van die O.B. verander moet word.** Daarna het hy die reg gehad om te eis dat lede van die O.B. uit hul organisasie moet bedank, maar die leier van die O.B. het nie die reg gehad om te verklaar dat as 'n man deur die Partyleier uit die Party geskop word, hy nie ook uit die O.B. geskop sal word nie; dan was dit inmenging in die Party se aangeleenthede.

# Uniale Kongres is Mislei Deur Partyleiers

### TANS ANDER ORGANISASIE AS WAARVOOR GESTEM WAS

Die H.N. Party se leiding het hom nou omskep in 'n organisasie gelyksoortig met die O.B. en wil nou die werksaamhede en funksies van die O.B., 'n volksorganisasie, inpalm.

Die Partyleier het toe die reg gehad om die O.B. te **vernietig,** maar die O.B. het nie die reg gehad om te verklaar dat 'n politieke party die produk van die Britse demokrasie is nie, dan was dit **ondermyning** van die Afrikanerdom se party!

Toe 'n volksvader soos Totius 'n voorstel doen om eenheid te herstel, het die Partyleier die reg gehad om hom **nie daaraan te steur nie,** maar met 'n eie voorstel voor die dag te kom.

By bekendmaking van sy voorstel het die Partyleier verduidelik dat die **volk opdrag aan een persoon gee** wat dan die komitee sal saamstel, maar toe die komitee saamgestel moes word, **het die Partyleier die reg gehad om homself aan te wys as daardie persoon wat moet saamstel, en is die volk verbygegaan.** Die leier van die O.B. daarenteen het nie die reg gehad om die titel te dra van mede-volksleier nie — 'n titel wat hom aangebied is deur die Eenheidskomitee.

Toe die O.B. met 'n ander voorstel kom vir die **wyse** van samestelling van die nasionale komitee, het die Partyleier die reg gehad om dit te beskou as 'n **verwerping** van sy voorstel, en het hy die reg gehad om die onderhandelings sonder meer **af te breek.** Die O.B. het geen reg gehad om ook voor te stel nie. Dis die alleenreg van 'n politieke partyleier.

Die O.B. het nie die reg gehad om ook voor te stel nie. Dis die allenreg van 'n politieke partyleier.

Die O.B. het nie die reg gehad om ook langs die party na 'n republiek te strewe nie, maar die Partyleier het die reg gehad om te eis dat sy party die **enigste** organisasie sal wees wat die republiek moet bring.

Die O.B. het nie die reg gehad om die inhoud van 'n republikeinse grondwet wat vir gebruik aan die partypolitieke volksleier toevertrou was, te propageer nie, maar die Partyleier het die reg gehad **om die organisasie van die O.B. vir homself toe te eien ondanks sy plegtige aanvaarding van die Eenheidskomitee se beleid dat „die wyse van organisasie nie identiek mag wees nie," en ondanks sy „gerusstellende" versekering aan die O.B. drie weke gelede dat die Party nie soiets oorweeg nie.**

Ten slotte het die Partyleier die reg om die O.B. te beskuldig dat hy na 'n diktatuur strewe, maar die Partyleier het die reg om **homself tot diktator te laat verhef,** soos beoog met die stigting van die Nasionale Komitee waar een persoon die volmag het en in die toekomstige republiek die regering sal voortsit.

En al hierdie regte word toegeëien om vir die volk 'n republiek te „verkry" **DEUR STIL TE SIT EN NIKS TE DOEN NIE, want „as Engeland in duie stort en genl. Smuts sal daarmee verdwyn, sal ons die republiek kry" en „Engeland sal na hierdie oorlog in ieder geval ineen stort."** Dis hul beleid.

**Die Kongres van die Party het dit nooit so bedoel toe hy die reorganisasiebesluit aangeneem het nie.** Toe is vir die Kongres vertel dat die reorganisasie moes dien om die Party as politieke liggaam se werksaamhede meer doeltreffend te maak. En elke afgevaardigde het toe net gedink aan die gewone **politieke funksies van die Party as politieke liggaam** en daarop toestemming tot re-reorganisasie gegee.

En wat het die Partyleiers beloof toe hulle die Kongres sou vra om hul reorganisasie-voorstel goed te keur?

**Hulle het beloof dat dit nie inbreuk op die werksaamhede van die ander volksorganisasies sou maak nie.**

Nou kom hulle en omskep hulle in 'n tweede soort O.B.-organisasie, maar bly tegelykertyd 'n Party.

Plegtig het dr. Malan om die aanname van die destydse reorganisasieplan aanvaar te kry, die volgende verklaring gedoen:

> „Terwyl van elke saamwerkende organisasie verwag word dat hy homself innerlik sal konsolideer . . . daar tegelykertyd geen inbreuk gemaak sal word op die gebied van en daar geen inmenging sal wees in die interne sake van enige van die volksorganisasies nie, maar dat hulle ieder op sy eie gebied met mekaar sal saamwerk vir die een volk wat ons eie is en wat ons liefhet."

Op die Kongres het genl. J. A. Smith wat deur dr. Malan uitgenooi was om ook iets te sê, o.a. die volgende namens die Grootraad van die O.B. verklaar:

„Terwyl die O.B. die spesifieke leiding van die H.N. Party op sy gebied erken en eerbiedig **verwag die O.B. ook dat die Party die spesifieke funksie van die O.B. sal erken en eerbiedig.** Die O.B. vertrou dat al die Afrikaner-liggame hul organisasie sal versterk en opknap, maar dat dit sal geskied met raadpleging van mekaar en sonder dat daardeur onnodige wrywing veroorsaak sal word."

In hierdie gees en met die versekering van dr. Malan **dat die Kongres nie gevra word om 'n opposisie-organisasie teen die O.B. in die lewe te roep nie,** het die Kongres die **oorspronklike skema aanvaar, en nie dié wat nou as strydwapen teen die O.B. in die lewe geroep is nie.** Anders sou die Kongres die oorspronklike skema nie goedgekeur het nie, wat nog te sê die teenswoordige.

**Die Kongres is mislei en die volk bedrieg.**

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# Vryheidsvlam Brand reeds in Kaapse Hoofkwartier

**Die aandag van Kommando's word weer daarop gevestig dat 27 Fberuarie, die datum waarop die Boerewapens in 1881 die oorwinning behaal het oor die Britse magte op Majuba, deur die Kommandant-generaal tot VRYHEIDSDAG verklaar is en dat elke brandwag die dag as sodanig sal vier. Reëlings moet getref word om laertrekkings op geskikte plekke te hou sodat elke eenheid in staat sal wees om dit by te woon. ..Die groot sentrale fees word op Majubagehou.**

**Die vryheidsvlam wat in 1938 deur die Voortrekkerbeweging van Kaapstad tot by Pretoria gedra is, sal van Majuba af, waar hy tans brandende gehou word, oor die hele land versprei word tot op elke feesplek. Kaapland se vlam is hierdie week reeds gehaal en word in die O.B.-Kantoor brandende gehou. Hoofoffisiere van afgeleë plekke sal die vlam vroegtydig daar moet gaan aansteek. Van hulle af word dit weer deur die verskillende offisiere waar feeste gehou word, oorgebring na die feesterrein waar die groot vryheidsvuur op die aand van die 27ste Februarie aangesteek sal word.**

# Verskil Tussen Dr. Malan en O.B. se Voorstelle

Tussen die voorstel van dr. Malan en dié van die Grootraad insake die stigting van 'n nasionale komitee is heelwat verskil, hoofsaaklik oor die kwessie van verteenwoordiging in die Komitee en die selfstandige bestaan van die O.B. en die H.N. Party.

Die mening van die Grootraad was dat verrteenwoordigers van albei liggame vir 'n samespreking van die twee voorstelle saamgeroep sou word. Maar op ontvangs van die Grootraad se voorstel het dr. Malan geantwoord dat hy dit as 'n verwerping van sy voorstel tot 'n oplossing beskou wat dus as sodanig verval.

## Dr. Malan se Voorstel

Dr. Malan, hoofleier van die H.N. Party, se voorstel was as volg:

(1) 'n Nasionale komitee onder **hom**, met volkome oppergesag oor die O.B. en die Party.

(2) Die komitee sal nie bestaan uit verteenwoordigers van liggame nie, **hoewel die Party egter sy bydrae tot die ledetal moet lewer.**

(3) Dr. Van Rensburg word uitgenooi om ook lid te word.

(4) Die uitvoerende magte, en dus selfstandigheid van die O.B. en die Party, word beperk en onderhorig gestel aan hierdie politieke komitee, **waarvan die lede alleen aan dr. Malan verantwoordelikheid verskuldig is.**

## Die Grootraad se Voorstel

Die Grootraad van die O.B. het dr. Malan se voorstel oorweeg en die volgende voorgestel:

(1) Die nasionale komitee deur dr. Malan voorgestel, moet bestaan uit **gelykmatige verteenwoordiging** van die deelhebbende organisasies.

(2) Geen inbreuk moet deur die komitee gemaak word op die gebied of inmenging in die inwendige sake of bestuur van die O.B. en Party nie.

(3) Dat die komitee, bestaande uit gelyke verteenwoordiging van die O.B. en Party homself verder kan uitbou deur verteenwoordigers van ander nasionale organisasies, persone en die Kerk.

(4) Dat die funksies van die deelhebbende organisasies afgebaken word.

Die Grootraad het selfs verder gegaan om die stryd, **nie deur die O.B. aangeknoop nie, maar deur die Partyleiers,** te probeer beëindig, en aan die hand gedoen dat as dr. Malan nie bereid mag wees om sy voorstel te wysig soos deur die Grootraad aan die hand gedoen nie, die volgende ooreenkoms aangegaan kan word:

„Dat samewerking verkry en gehandhaaf word deur noue kontak tussen die twee besture deur middel van hul leiers, wat mekaar in alle sake rakende die volksbelang en -strewe sal raadpleeg en dat geeneen van hulle enige belangrike stap rakende die hele volk en sy toekoms sal onderneem sonder voorafgaande onderlinge raadpleging en oorleg nie.''

Verder het die Grootraad by herhaling bevestig „dat die O.B. gewillig is om sy daadwerklike steun en medewerking te verleen aan enige Parlementêre of politieke optrede wat geskied volgens die beginsels vervat in die Eenheidsverklaring tot verwesenliking van ons vryheidsideaal.''

**Sonder eens hierop te antwoord kondig dr. Malan sy aksie-front, 'n nage-aapte O.B.-organisasie, aan om die volk in twee teenoor-mekaar staande vegkampe te dryf.**

Hy wil die volk verder verdeel deur net soos die Smuts-bewind die O.B. te vernietig. **Hy en Smuts staan nou saam op hierdie een punt, om die republikeinse volksbeweging te breek!**

## ONVERKLAARBARE ONTKENNING

„Die O.B. het met ontsteltenis kennis geneem van die gerug van die optrede van die Party . . . **die gerug naamlik van die stigting van 'n eie aksiefront . . .**''

Hierdie aanmerking is deur die Grootraad in sy antwoord op dr. Malan se voorstel gedoen, soos dit in Die Burger van 5 Desember verskyn het. Hierop het dr. Malan as volg geantwoord in sy brief wat op 10 Desember in die pers verskyn het:

„Veroorloof my om te sê dat u aanmerkings aan die end van u brief oor die Party se reorganisasie my **verbaas, en te meer nog omdat volgens u eie erkenning u dit grond op niks meer as 'n gerug nie.** Ek kan u hierdie gerusstellende inligting gee dat die Party **al geruime tyd gelede besluit het om ten spyte van die onvriendskaplike houding teen hom, GEEN EIE AKSIEFRONT identiek met die O.B. in die lewe te roep nie.**''

Op 3 Januarie doen adv. Eric Louw die volgende aankondiging op Die Strand: **„Die Party-organisasie is reeds verbeter en die nodige reëlings is reeds getref om die bestaande organisasie verder uit te brei deur die stigting van 'n stryd-afdeling aan wie werk van 'n spesiale aard toevertrou sal word.''**

Op 6 Januarie word hierdie „strydafdeling'' of aksiefront in die pers aangekondig met die verklaring dat **'n komitee deur dr. Malan saamgestel en bestaande uit verteenwoordigers van die hoofrade van die verskillende provinsies die organisasie uitgewerk het.**

Die vraag kom nou op, wie is die leier van die Herenigde Nasionale Party, dr. Malan wat blykbaar nie van die nuwe stryd-afdeling geweet het nie, hoewel die pers die samestelling van die komitee aan hom toeskryf, of adv. Louw wat dit aangekondig het?

## GRONDBEGINSELS VAN ONS STAATSBELEID

Wanneer daar gesê word dat ons strewe na 'n vry Christelik-nasionale republiek, word daarmee bedoel dat ons toekomstige staat in die eerste plaas vry sal wees van **alle buitelandse** bande en ook van alle **binnelandse** bande. Hy sal nie alleen vry wees van die Britse Ryksbande nie, maar ook vry van alle invloede wat ons land binnegekom het as gevolg van die Britse oorheersing. Dit beteken dat die Afrikanervolk sy volle seggenskap in sy eie vaderland sal uitoefen.

In die tweede plaas beteken dit dat die staat nasionaal sal wees. Dit wil sê die staat se eerste taak sal wees om die nasionaliteit van die Afrikanerdom te beskerm en aan te moedig en om die Afrikanervolk teen alle vorme van uitbuiting en vergiftiging te beskerm. Dit sluit in dat die staat die arm Afrikaner nie as 'n las sal beskou nie, **maar as 'n deel van die volk in wie se diens hy staan.** Die Arm Afrikaner sal dan sy volle plek moet inneem binne die nasionale samelewing. Dit sal wees almal vir een en een vir almal.

In die derde plaas beteken dit dat die staat in sy beleid en optrede sal handel ooreenkomstig die Christelike beginsels en lewensbeskouing van ons volk, soos ook vasgelê in die Woord van God. Die openbare sedelikheid sal op 'n hoë peil gehandhaaf word en geregtigheid moet die grondslag van alle oorwegings vorm.

# Komdt.-Genl. Vestig Dr. Malan se Aandag op 'n Fout

## PARTYLEIER BREEK ONDERHANDELINGS PLOTSELING AF

Die volgende brief is deur die Kommandant-generaal aan dr. D. F. Malan gerig in antwoord op laasgenoemde se verklaring waarin die onderhandelings plotseling deur die Partyleiding afgebreek is:

Seergeagte Dr. Malan,

U brief van die 27ste Desember het op die 2de deser die kantoor bereik en ek wil hiermee formeel ontvangs erken.

U brief is teleurstellend in sover as dit die deur op eventuele samesprekings toeslaan, en dit in 'n saak wat die diepste volksbelange raak.

'n Aanbod van samewerking vereis m.i. die geleentheid van samesprekings oor onvermydelike skaafpunte, voordat die betrokke organisasies hulself verbind en hul toekomstige vryheid beperk. Ons versoek om informasie en ons voorstelle was dan ook in daardie voege bedoel. **Nou moet ons aflei dat u aanbod nie soseer 'n voorstel maar eerder 'n verdere ultimatum was, wat deur die O.B. óf heelhuids aangeneem óf heeltemal van die hand gewys moet word.**

Die Ossewabrandwag was bereid om die voorstel as 'n basis vir sulke samesprekings te beskou, met die hoop op eventuele samewerking. Daarom het hy van sy kant ook voorstelle gedoen. **As u aanbod anders bedoel was, het dit vir ons minder betekenis gehad.**

Ten slotte wys ek op 'n indruk wat deur u pers, en dalk deur u brief, geskep is, naamlik dat ek, en vermoedelik ds. Stander, u voorstel reeds op 21 November in 'n persoonlike gesprek aanvaar het. **U sal u herinner dat 'n informele bespreking deur vriende gereël was, om van u nadere inligting te verkry en nie om die aanneemlikheid of andersins van u voorstel te oorweeg nie.** Die gesprek was informerend en glad nie oorwegend nie.

Met hoogagting,

Die uwe,

DR. J. F. J. VAN RENSBURG,

Komdt.-genl. v/d Ossewabrandwag.

## WAPEN TEEN BROERS

Die O.B. kan en sal sy steun wil gee aan die H.N. Party as 'n politieke Party **vir die werksaamhede van 'n party,** maar die O.B. kan nie sy steun aan die nuutste organisasie-skema van die Party gee nie. Deur dit te doen sterk hy 'n wapen, nie om die vyand van die volk mee te beveg nie, maar die O.B.

Om Nasionalis te wees en te bly is heel iets anders as om ingeskryf te word vir 'n organisasie wat die Party as strydwapen teen die O.B. in die lewe roep.

Die eed of sogenaamde gelofte wat die Party nou van lede eis, **is 'n eed om teen die O.B. te veg,** dus Afrikaner met dieselfde ideale teen sy mede-Afrikaner.

**DIE GOEIE HOOP**

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

**Voortrekkerweg, Bellville.** Foon 97814. V I R **Hoofweg, Durbanville.** Foon 60.

JOHN BROCKMAN EN KIE SE

**Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 155" Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.**

# Die Metodes van Moderne Britse Imperialisme en Ons Vryheidstrewe

## Volksgees Geannekseer met Vreemde Stelsels.

**Daar word vandag dikwels gepraat van die uur van ons lotsbeslissing, die aanvaarding van ons vryheid, ens. Almal verkeer onder die indruk dat daar 'n beslissing na die een of die ander kant gaan kom, dat die toestand van vandag nie langer gehandhaaf sal word nie. Dit is waar. Maar wanneer ons op die vooraand van so 'n belangrike beslissing staan, is dit nodig dat ons onsself sal afvra wat ons eintlik beoog met ons vryheidstrewe.**

Sommige praat van die republikeinse **staatsvorm** wat 'n volkstradisie is. Die Republieke van Transvaal en Vrystaat word dan voorgehou as ons ideaal met die voorwaarde dat dit aangepas moet word by moderne omstandighede. 'n Ander groep lê weer meer nadruk op die **stelsel** en meen dat ons wat goed is in ander lande se stelsels moet oorneem en aanpas by ons volksaard en -tradisie. Aan die goedertrou van die voorstanders van die verskillende rigtings mag ons nie twyfel nie. Almal is Afrikaners en almal beoog die beste vir ons vaderland. Die verwyt van vyfdekolonners word die hele nasionaalgesinde Afrikanerdom reeds van Imperialistiese kant teen die hoof geslinger, sodat ons nie mekaar dieselfde verwyt in onderlinge verskille hoef toe te voeg nie.

Om enigsins rigting te kry, moet 'n mens terugkyk na die verlede en jou toekoms rig oor die hede heen. Ons moet soek na die dryfveer van ons vryheidstryd in die verlede sowel as in die hede. Ons moet onsself afvra: is dit 'n besondere stelsel of staatsvorm waarna die vryheidshelde van ons volk in die verlede gestrewe het, of was dit iets meer as 'n blote vorm?

Ons erken dat die vorm of stelsel van 'n staat van groot belang is, want afgesien van die feit dat jou staatstelsel ook 'n produk van jou kultuur behoort te wees, moet jou staatsvorm in ooreenstemming wees met jou volk se aard en lewensbeskouing. Jy kan nie die siel van 'n mens in die liggaam van 'n slang plaas en dan hoop om mense-arbeid verrig te kry nie.

### INHOUD HOOFSAAK

Nogtans is die uitwendige stelsel van 'n staat van ondergeskikte belang. Hoofsaak is die **inhoud** daarvan. Om nog 'n beeld te gebruik: Dit help nie om die bak van 'n duur en waardevolle motor te vat en dit van 'n goedkoop motor se masjinerie te voorsien nie. Dit is eerder van meer waarde om die duur enjin in 'n goedkoop bak te plaas. **Net so moet ons meer bekommerd wees oor die inhoud van ons toekomstige staat as oor die uitwendige vorm daarvan.**

Aangesien daar reeds 'n konsepgrondwet deur verantwoordelike Afrikaners opgestel is wat die vorm van ons toekomstige republiek beskryf, en die Ossewabrandwag die hooflyne daarvan aan sy lede bekend gemaak het, wil ons in 'n paar agtereenvolgende artikels probeer aantoon wat die inhoud van daardie staat moet wees, m.a.w. wat die hoofdoel of wese van ons vryheidstryd is.

Voordat ons egter 'n duidelike besef van ons vryheidsmotief kan kry, is dit nodig dat ons eers 'n oomblikkie stilstaan by die toestand waarin ons vandag onder die Britse Imperialisme verval het.

Suid-Afrika het die slagoffer geword van 'n eeuelange Imperialistiese politiek van Groot-Brittanje. Hierdie Imperialisme het twee vorme ondergaan in die tydperk wat ons aan die vreemde oorheersing onderwerp was. Die eerste vorm was dié van geweld en dwang. Nadat Engeland die Kaap in die begin van die Negentiende Eeu in besit geneem het, het hy hom by wyse van wetgewing daarop toegelê om die Boerebevolking te verengels. Toe die bewuste Afrikanerdom hierteen in verset gekom en na nuwe gebiede uitgewyk het, het die Imperialisme hom agtervolg met wapengeweld, en die een Boere-Republiek na die ander is weer oorweldig en onder Britse bewind geplaas.

### DIE BEWEEGREDE

Die beweegrede van die Britse Imperialisme was nie blote gebiedsuitbreiding alleen nie. Daarvoor was daar genoeg geleentheid voordat die groot volksverhuising plaasgevind het. **Die hoofdoel was verryking en magsuitbreiding.** Om daardie doel te bereik, is die gebiede van die Boere eenvoudig met geweld ingepalm, en daarna is 'n politiek van verengelsing op die bevolking toegepas. Die rede hiervoor was, dat die verowerde volk vir altyd vir die Empire veilig gemaak moes word. **Hulle moes geleer word om in Engels te dink en hul liefde vir Engeland te gee. Dit het feitlik op die anneksasie van die volk se gees neergekom en was eintlik die tweede fase van die anneksasiebeleid.**

Hierdie dwang-metode was egter nooit 'n sukses nie. Inteendeel het dit juis gedurig 'n reaksie by die onderworpe volke veroorsaak, waardeur Engeland steeds in die gevaar gestaan het om sy kolonies te verloor.

Die gevolg was dat hy 'n nuwe beleid van **vreedsame anneksasie** begin volg het. Hierdie politiek is aan hom geskenk deur lord Durham wat in 1837 in sy verslag oor die Kanadese moeilikhede aan die hand gedoen het dat hulle aan die koloniste meer politieke vryheid moet gee, en op dié wyse hul welwillendheid moet probeer wen. **„Laat die kolonies dink hulle is vry, maar voed hulle op in die gedagte van samewerking,"** is die metode van die moderne Imperialisme. Hierdie beleid word duidelik geïllustreer deur die toespraak van Stanley Baldwin in 1934 oor die vraagstuk van die Indiese grondwet. Die Britse Eerste Minister het daardie dag vir groter konstitusionele vryheid vir Indië gepleit, en sy argument as volg gemotiveer: **„Dis my eerlike oortuiging dat u by magte is om die hele Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red. Ek verklaar met nadruk dat ek vas oortuig is dat, as u Indië nie hierdie geleentheid gun nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor."**

### SUID-AFRIKA

Om Indië groter vryheid te gee ten einde hom as kolonie te behou, mag paradoksaal klink, maar nie vir die Britse Imperialis nie. Hy weet wat dit beteken, en daarom kon Baldwin so maklik Suid-Afrika as voorbeeld noem, „want", het hy daaraan toegevoeg, **„die toekenning van selfbestuur aan Suid-Afrika, wat indertyd so gewaagd gelyk het, het getoon dat dit die beste ding vir die Britse Ryk was wat kon gebeur het."**

Hierdie paradoksale stelling kan alleen verstaan word as ons besef dat die doel van die Imperialisme nie oorheersing is nie, maar uitbuiting en magsuitbreiding. In 1903, vlak na die Tweede Vryheidsoorlog, het wyle Joseph Chamberlain gepleit vir die skepping van 'n stelsel vir die Ryk wat sou beteken, **„'n vennootskap met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."**

Die lojale harte waarvan hier gepraat word, word op verskillende maniere gekoop. Die een metode is dié wat Baldwin bedoel het toe hy van Indië en Suid-Afrika gepraat het. Aan die kolonie word 'n mate van selfregering toegeken sodat hy dit as 'n besondere grootmoedige daad aan die kant van sy voormalige veroweraar beskou. **Ons weet uit eie ervaring hoe die Afrikanerleiers een na die ander al van Engeland se grootmoedigheid gepraat het, en terme soos „Engeland is die moeder van ons vryheid" is oorbekend.** Met hierdie selfregering en verhoogde statusse word die verset van die kolonies gekoop.

### BRITSE STELSELS

Die tweede metode is om die kolonies die Britse staatkundige stelsels deelagtig te maak. **Deur die parlementêre partystelsel word die onderworpe volke 'n wapen in die hand gestop waarmee hulle uiteindelik nasionale selfmoord pleeg.** Die Britse kapitalistiese stelsel word op ekonomiese gebied ingevoer en die onderworpe volk, wat reeds staatkundig magteloos gemaak word deur die saad van politieke verdeeldheid, kan met groot gemak uitgesuig word ten bate van die veroweraar.

**Die belangrikste metode is egter dié van geestelike verslawing of ontworteling.** Die onderworpe volk word van sy taal en kultuur vervreemd — nie meer langs die weg van dwang nie, maar vrywillig. Sy skole word op Britse lees geskoei en alles word in werking gestel om hom te leer in Engels dink, by voorbeeld deur middel van die bioskoopwese en die pers. **Vir ons in Suid-Afrika het die stryd veral in ons skole gewoed. In plaas van ons eie Christelik-nasionale onderwys is 'n stelsel van neutrale onderwys ingevoer waarvolgens die jeug van ons volk geleer is om kleurloosheid te beskou as geleerdheid, eie volksveragting as breedgeestigheid en nasieliefde as rassehaat. Daarby het hy 'n geestestoestand ontwikkel waarvolgens geleerdheid en Britsheid vir hom gelyke begrippe geword het. Dit was die proses van stelselmatige en vreedsame verengelsing.**

### IMMIGRASIE

Die laaste en mees doeltreffende metode is dié van immigrasie, en is ook van lord Durham afkomstig: **„Die enigste mag wat doeltreffend aangewend kan word om die nasionaliteit van die Frans-Kanadese (lees ook: Afrikaners) uit te wis, is dié van 'n getalsmeerderheid van 'n lojale en Engelse bevolking,"** was die advies wat hy indertyd ten opsigte van Kanada gegee het.

Sodra die gees van die verowerde volk op die bogenoemde wyse ten volle geannekseer is, of sodra die Britsgesindes deur middel van immigrasie 'n getalsoorwig in die kolonie behaal het, was daardie gebied mondig genoeg om opgeneem te word in wat genoem word die Britse Statebond waarin almal die eer het om vrywillig saam te werk in die belang van een . . . Engeland.

Hierdie toestand het ook in ons land ontwikkel, en dit was daarom nodig om dit duidelik te sien alvorens ons met 'n mate van duidelikheid kan vasstel wat die rigting van ons vryheidstrewe is.

(Word vervolg.)

105 Takke
40,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

MASJINERIE
VIR PLAAS EN INDUSTRIëLE DOELEINDES.
YSTERWARE
Bou- en Skrynwerkersgereedskap, Stowe en Huishoubenodighede.
PRODUKTE
Bees- voer-, — Graan — Saad — Bemestingstowwe — Pluimvee — Bye- en Melkerybenodighede.
G. A. FICHARDT, Bpk.,
BLOEMFONTEIN.
Foon 700. Opgerig 1848.

# Newcastle Het Bewys Hoe Maklik O.B. en Party Kan Saamwerk

## Verkryging van Vryheid deur Middel van Stembus Blyk Tans Onmoontlik

**Die regte manier van samewerking tussen die Party en die O.B. is onlangs pragtig geïllustreer in Newcastle. Die nederlaag wat die party daar gely het, moet toegeskryf word juis aan die dwase optrede van sy leiers om 'n republikeinse organisasie soos die O.B. te beveg en op te breek ,en dit solank die verkiesing nog aan die gang was. Newcastle is dan ook 'n skitterende voorbeeld van die kortsigtigheid van die Partyleiding en sy volslae onmag om ons volk uit sy slawerny te red.**

'n Republikeinse organisasie waarvan die ledetal in die honderdduisende tel, is deur die Partyleier tot vyand verklaar en dit om geen ander rede nie as omdat daardie organisasie weier om sy bestaan aan die partyleier as diktator op te offer. Hierdie motief moes verdoesel word met allerhande voorwendsels en die vernaamste was dat die O.B. sou trag om 'n republiek ook langs 'n ander weg te bewerkstellig as net deur middel van die stembus. **Die Partyleiding het volgehou dat die stembus die enigste metode is om 'n republiek te verkry. Enige ander metode sal hy by voorbaat al beveg soos hy dit tewens doen in die geval van die Ossewabrandwag.**

Die Ossewabrandwag het daarenteen gewaarsku dat dit 'n gruwel sal wees om die republikeine te verdeel oor so 'n nietige iets. **'n Stryd teen die Ossewabrandwag sou onverbiddelik meebring dat jou republikeine, wat die vryheid by die stembus of andersins moet bewerkstellig, in twee vyandelike kampe gedryf sal word.** Lede van die O.B. sou onwillekeurig verbitterd voel teen daardie Partyleiers met die gevolg dat 'n groot deel van hulle nie bereid sal wees om in 'n verkiesing vir kandidate te stem wat die Ossewabrandwag as 'n vyand bejeën en alles in hul vermoë doen om dit vernietig te kry nie. Die Party kan dus nie meer staat maak op die volle ondersteuning van die O.B.-lede nie, en gevolgik sal hy nooit 'n verkiesing kan wen nie.

Newcastle was 'n voorsmaak van wat ons te wagte kan wees ná die vyandige houding wat deur die politici teen die republikeine ingeneem word. **So bevooroordeeld het hulle die volk onderling teenoor mekaar gemaak en tot so 'n mate was die gevoelens teen mede-Afrikaners opgesweep, dat die Party nie sy eie verkiesing daar met krag kon veg nie. Geen voormanne van die Party kon dit gewaag het om hul verskyning in Newcaste te maak nie,** want dit sou 'n groot verbittering laat losbars het. **Hoe sal dit in 'n algemene verkiesing dan gaan wanneer die oorlogsverklaarders self hul setels moet betwis?**

### O.B. SE BYDRAE

**Aan die anderkant het die Ossewabrandwag sy hele organisasie en morele steun in die Newcastelse verkiesing ingewerp.** Dr. Van Rensburg het in sy hoedanigheid as Kommandantgeneraal in die kiesafdeling vergaderings gehou **en 'n beroep op alle brandwagte gedoen om te gaan stem. Hy het beklemtoon dat die Ossewabrandwag die Empire op elke moontlike en onmoontlike manier sal beveg, ook by die stembus.** Die Nasionale Pers het hierdie deel van sy toespraak egter nooit gepubliseer nie. Hulle was blykbaar meer bekommerd om hierdie grootmoedigheid van die O.B.-leier vir die volk weg te steek as oor die aantal stemme meer wat dit vir die Party ten gevolge sou gehad het indien die oproep onder die aandag van hul lesers gebring was.

Die plaaslike generaal van die O.B. in Newcastle het hom persoonlik so beywer vir die Party se verkiesing dat die voorsitter van die H.N.P. of V. se distriksbestuur, mnr. C. K. Aveling, hom genoodsaak gevoel het om die volgende dankbetuiging in die pers te plaas:

,,Geagte Redaksie.—Die grootste dankbaarheid het my oormeester toe ek my mede-Afrikaners gadeslaan in ons verkiesingstryd, wat gisteraand om agtuur ten einde geloop het en waarvan ons die uitslag dus nog nie weet nie. Ten eerste is ons groot dank verskuldig aan mnr. C. A. Pienaar, generaal in die Ossewabrandwag. Nieteenstaande hy en ek mekaar al jare ken, het ek hom nou eers leer ken. **Geen opoffering was hom te veel nie; nag en dag het hy sy kragte ingespan.** Dit was middernag en soms drieuur in die môre voordat hy tot rus gekom het, en dan was hy om sesuur weer in die veld. **Altyd is hy op die voorpunt gevind met organisasiewerk sowel as met sy dodelike vrae aan die Regeringskandidaat.** Sodra mnr. Robertson op die verhoog verskyn en mnr. Pienaar se aanwesigheid bemerk, het die sweetdruppels hom afgetap, sodat 'n mens hom eintlik kon bejammer. **In mnr. Pienaar het ons 'n ware veg-generaal gehad.** Selfs van ons Engelse vriende het hom bewonder en gesê: ,,What a pity we haven't a few men like Mr. Pienaar!'' Ons Nasionaliste van Newcastle, Utrecht, Vryheid, Dundee en Dannhauser sê hom namens die hele nasionale Afrikanerdom dank vir sy ywer en grootmoedigheid.. **Baie dankie ook aan al die offisiere in die Ossewabrandwag, wat so pragtig georganiseer het, vir hul broederlike hulp. Die gehoorsaamheid wat hulle aan hul generaal betoon het, is oortuigende bewys dat hulle waarlik gedissiplineerd is. Baie dankie verder aan al die Brandwagte wat so pragtig gehelp het;** ons waardeer dit hoog. Laaste, maar nie die minste nie, baie dankie aan die O.B.-dames, wat getoon het dat hulle ware moeders en dogters van hul volk is.''—(Die Volksblad, 17 Des.).

Die verdere deel van die brief betuig dank aan ander persone.

### ,,WAARDERING''

Hier het die O.B. getoon wat hy onder samewerking verstaan, maar die waardering wat hy daarvoor ontvang het, behalwe van die plaaslike voorsitter wat weet waarvan hy praat, **is dat die O.B. se doeltreffende organisasie deur die partyleiers vir hulself toegeëien is, en daarmee is die republikeine in twee strydende kampe gedryf.** Watter hoop het die partyleiers nou nog op 'n oorwinning by die stembus waar hulle selfs met behulp van die O.B. nie 'n tussenverkiesing kon wen nie? **Die Party sal in die huidige omstandighede nog minder in staat wees om die vryheid te bring.**

Newcastle, wat die Regering hierdie keer, **ondanks die feit dat duisende van sy ondersteuners aan die front is,** met 'n groter meerderheid verower het as in 1938 toe die Smelterregering nog aan die bewind was, het drie dinge glashelder geopenbaar:

(1) Die magteloosheid waartoe ons volk verval het as gevolg van die oorlogverklaring van die beroepspolitici op 'n republikeinse organisasie;

(2) die onmag van die partypolitici om ooit 'n republiek by die stembus te verkry.

**(3) dat samewerking tussen die O.B. en die Party die maklikste ding van die wêreld is indien die partyleiers maar net hul stryd teen hul mede-republikeine wil staak en dit nie vir hulself onmoontlik maak om deel te neem aan 'n gemeenskaplike stryd teen die Empire nie.**

---

Gaan u na die Universiteit of die Kosskool, al u wasgoed moet gemerk word.
Bestel dadelik 'n NAAMSTEMPEL met onuitwisbare ink, 9/- posvry, en 'n SERVETRING met u naam uitgegraveer vir 7/9 posvry, vanaf TAFELBERG INDUSTRIEË, Kohlingstraat 16, Kaapstad.

**Schoemannello-Drank**
is
*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN
**JURGENS SCHOEMAN**
POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn | | | |
| Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

**GEMAALDE KRAALMIS**

VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies, teen 25/- per 11 sak ton, van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

**DAGBREEK vir die AFRIKANERS STABILIS**
Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met
- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

**STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY**
Ons is Agente vir
DIE KOPERSBOND BPK. IN KAAPLAND.
Flinke bediening en eerlikheid is ons leuse
Foon 30764—Kamer 704/5—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

# Aan die Penkoppe

*EIE RUBRIEK.*

Penkop-offisiere en Penkoppe van die Ossewabrandwag, ons salueer julle!

Omdat ons weet dat daar duisende van julle is in wie se huise **Die O.B.** weekliks sy welkome verskyning maak, het ons besluit om van ons karige ruimte 'n klein rubriek af te staan vir julle. Ons wil graag met julle gesels, ons wil graag jul harte hoor klop, ons wil graag jul bloed hoor bruis vir die Vaderland, ons enigste Suid-Afrika. Julle is die kinders met wie Suid-Afrika graag wil praat, want die Vaderland praat alleen met die kinders wat hom liefhet en wat wil werk, lewe en sterwe om die Vaderland groot te maak, net soos duisende kinders in die afgelope 150 jaar gewerk, gelewe en ook gesterwe het om hierdie Vaderland en alles wat ons dierbaar is, vir ons as erfstuk na te laat.

In hierdie klein rubriek sal die Vaderland op allerhande maniere tot jul harte spreek. Lees dus elke week wat hier geskrywe staan, met aandag — almal van julle, klein en groot — en ontvang die boodskap wat die Vaderland aan julle, sy kinders, stuur.

En terwyl julle hierdie stukkies lees, onthou dat daar duisende seuns en dogters in Suid-Afrika is wat saam met julle lees, wat die Vaderland net so lief het as julle, wat die vreemde invloede net so probeer beveg; en wat saam met julle bid dat ons 'n republiek sal kry waar ons taal nie altyd onder 'n vreemde taal geskrywe sal word nie, waar ons net ons eie volkslied sal sing, net ons eie vlag sal hê, nie by vreemdelinge om werk hoef te gaan bedel nie, en nie duisende Afrikaanse seuns se lewe en miljoene ponde van die Afrikaner se geld opgeoffer sal word in 'n oorlog van die land wat die Afrikaner byna 150 jaar lank agtervolg het nie.

Penkoppe, eer die Vaderland deur goeie Afrikaners te wees en Trek! . . . Trek!! . . . Trek!!! op die Pad van Suid-Afrika.

**AFRIKANERS LUISTER HIER:—**

Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:

**UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,
Posbus 32, ALEXANDRIA.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
Posbus 660, JOHANNESBURG.

VRUGTEBOME — beste gehalte, Kliprivier-gekweekte, vroeg tot laat soorte. ROSE — fraaiste verskeidenheid ooit aangebied; bespreek nou vir winter-aflewering. Heiningboompies, Bloekomboompies. Palms nou te plant. Geillustreerde Katalogus gratis. Duisende tevrede Klante, — vir u wag dieselfde!

**MERINO STOETERY**
J. H. MOOLMAN.
MERINO — CRADOCK.

TELER VAN SUIWERGETEELDE WANGENELLA RAMME EN GOEIE PLAASRYPERDE.

PRYSE BILLIK!!

**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
**Posbus 10, Hugenoot.**

**MARKAGENTSKAP**
**Vroeë Môre Mark**
KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.

**DE KOCK se GARAGES**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar:* D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**
Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*

*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*

*FOON 3-0164*
*Langstraat 291, Kaapstad*

*Langstraat 301*
KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars
**Afrikana Voorsieners**
'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID
*Foon 3-1393*
*KAAPSTAD*

SPESIALE AANBOD
**Merino Ramme**
Voordat hierdie aanbod sluit, skryf vir besonderhede van die voortreflike besigheid insake Merino Ramme, aan die bekende stoettelers
**P. J. Botha en Seun**
P.S. GROOTFONTEIN SOMERSET OOS

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

DU PLESSIS—GRIEBENOW. Hiermee wens ons, Maria, van Goodwood, en Eliza, van Woodstock, ons verlowing bekend te maak aan al ons O.B.-vriende.

### GEBOORTE

AAN mnr. en mev. Jannie Victor, Die Meul, Merweville, 'n fris seun op 21 Desember laaslede. Naas die Heer ons innige dank aan die verpleegster en geneesheer van Prins Albert, vir belangstelling en opofferende diens.

### KNEG BENODIG

KNEG.—Ongetroude, blanke man vir wynplaas. Vry inwoning; moet vragmotor kan bestuur.—Goeie Salaris. Skrywe aan:
P. C. van Blommenstein,
La Concordia,
Suider-Paarl.

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*